**Oortyd-is ’n werknemer verplig om oortyd te werk?**

Nee - dit word slegs per ooreenkoms tussen werkgewer en werknemer toegelaat. 'n Werkgewer moet sy werknemers redelike kennis gee dat hy van hulle gaan vereis om oortyd te werk en werknemers kan weier om op kort kennisgewing oortyd te werk.

**Is werknemers geregtig op ’n etensuur?**

Ja, maar dit is onbetaald en word toegestaan na 5 aaneenlopende uur van werk. Dit mag volgens ooreenkoms verminder word tot 30 minute. Geen persoon mag meer as 12 aaneenlopende ure per dag werk nie, oortyd ingesluit. 'n Werknemer mag nie meer as 45 uur per week werk nie en is geregtig op 'n rusperiode van 12 aaneenlopende uur aan die einde van elke werkdag en 'n weeklikse rustyd van 36 aaneenlopende uur.

**Is werknemers geregtig op meer betaling as hulle oortyd werk?**

Ja, die maksimum oortyd wat gewerk kan word is 3 uur per dag, of 10 uur per week. Betaling geskied teen 1.5 maal die normale uurlikse tarief. As 'n werknemer op Sondae oortyd werk, moet dubbel sy loon vir elke uur gewerk betaal moet word. Dit geld egter nie as die werknemer normaal op 'n Sondag werk nie. In die geval moet die werknemer hom 1.5 keer sy normale loon betaal vir elke uur gewerk. Vir openbare vakansiedae is die betaling ook dubbel geld. Werknemers wat meer as die drempel bedrag verdien soos wat die minister van arbeid bepaal, is nie geregtig op oortyd betaling nie – die drumpel bedrag is tans R205 433.90 per jaar - werknemers wat meer as die drempel bedrag verdien kan met hul werkgewer onderhandel dat hulle wel oortyd betaling sal ontvang vir oortyd gewerk.